Apexpiek uitstappie – 30 & 31 Mei 2015

Die omgewing van Apex piek is seker een van die plekke met die mooiste rotsformasies. Dit is nie alleen relatief maklik bereikbaar nie maar bied ook lekker stapgeleenthede in verskillende rigtings. Met die wonderlike vooruitsig van die lekker stap, het 23 persone belanggestel. Die griepvirus het egter onder die stappers gemaai met die gevolg dat slegs 9 persone Saterdag oggend na Apexpiek vertrek het.

Dit was reënerig toe ons Saterdag oggend vertrek het en dit het nog steeds liggies gereën toe ons begin stap. Dit het ons nie afgeskrik nie want die weervoorspelling het aangetoon dat dit later gaan opklaar. Dit was koud en nat en driekwart op teen die berg het ons eers gestop om iets warm te drink. Toe ons die grot bereik was ons baie dankbaar dat dit droog en uit die wind was. Gou gou is al die nat klere opgehang en tee gemaak vir die koue. Toe het die wag begin, want die weervoorspelling het aangetoon dat dit later die middag sal opklaar. So het ons die res van die dag in ons slaapsakke gesit en grappe vertel, terwyl die wind buite woed en reën. Die weer voorspelling was verkeerd. Later het ons ‘n klein vuurtjie in die grot gemaak wat ‘n aangename atmosfeer geskep het. Ons het ook maklik is die grot gepas en was baie dankbaar dat nie al 23 belangstellendes saamgekom het nie.

Die nag het die weer opgeklaar maar toe die son opkom, het die wolke ook opgekom. Dit was egter ‘n aangename dag en ons kon die omgewing verken. Toe ons op die piek staan met die opkomende son agter ons, het ons die rare verskynsel van ‘n ronde reënboog gesien. Adriaan en Karen het ons vroeg verlaat want hulle kon nie mense kry om na hul kinders die Sondag middag te kyk nie. Die res van die oggend het ons tussen die rotsformasies en gangetjies rondgeloop en foto’s neem.



Sondag na middag ete op pad terug, het ons tweekeer gestop om in die gangetjies te verdwyn om die asemrowende rotsformasies te bewonder.

Hierdie uitstappie moet op al die lede se “moet doen” lysie wees, want dit is relatief maklik en om die rotsformasies te sien is iets besonders.

Tonie Roux